

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Rol van Bloed in God se Raadsplan

Deel 3: Wat Behels Die Verlossing Deur Die Bloed van Yeshua?

Hersiening (Deel 1 en 2).

Deel 1: Vanaf Genesis tot Openbaring is bloed, naamlik die sterwe (die storting van bloed) van die onskuldige in die plek van die skuldige, die fokuspunt in יהוה-God se Raadsplan van vergifnis, versoening en herstel. Van die begin tot die einde van die Skrif, van die geslote tot die herstelde Tuin van Eden, loop die goue draad, naamlik die bloed wat die begin en die einde verenig en wat alles herstel wat die sonde verderwe het! Die vervulling (vervolmaking) van al die offerandes deur die eeue was egter die bloed van die Lam van God, Yeshua, dié Gesalfde Een. Hy was die eenmalige offer!!

In Deel 2 het ons geleer dat die bloed van Yeshua nie van 'n mens afkomstig was nie, maar van יהוה-God self, want die bevrugte eiersel wat in Maria se baarmoeder ingeplant was, het die oorspronklike genetiese inligting van die mens voor die sondeval bevat. Yeshua was dus waarlik die tweede Adam (1Kor. 15:45) en het die *aiōnios dzoe*, naamlik die יהוה-God-tipelewe (Hebreeus: *Olam Chay* – Dan. 12:2) bevat.

Yeshua het dus nie die “geestelike bloedsiekte” van die mens gehad nie! En Onthou: In die baarmoeder meng die baba en moeder se bloed nooit nie. Daarom is Yeshua as mens met Adam voor die sondeval vergelykbaar en nie met die mens na die sondeval nie. Dit opsigself gee aan Yeshua 'n “Godlikheid” wat geen ander mens het nie! Daarom sê die skrywer van die brief aan die Hebreërs aangaande Yeshua die volgende:

..... In Hom het Hy die uitspannel onderwerp, ³ want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese en hou alle dinge in stand deur die boodskap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte) Heb. 1:3.

Dit is hierdie geheimenis wat die openbaring is van die krag van die kosbare bloed van die Lam van God. Die ewige lewe, die lewe van יהוה-God, is die bloed wat deur die are van Yeshua gevloei het! Hierdie bloed is versoening, reiniging, afgesonderdheid, ewige lewe, oorwinning en oorvloedige lewe, want dit bevat die lewe van God.

Vir elkeen wat die geestelike waarhede van die verlossing deur die bloed van Yeshua werklik verstaan, is daar dus algehele verlossing van sonde en van al die gevolge van sonde – 'n oorvloedige lewe in Yeshua van diensbaarheid in die Koninkryk van יהוה-God.

Deur vertrouwe in die krag van die bloed van Yeshua kan elkeen van ons dus volkome mens wees soos wat God dit aan die begin beplan het – volkome genesing van gees, siel en liggaam! Ons het niks anders nodig nie, want יהוה se verlossing deur Yeshua was volkome!!

Deel 3: Wat Behels Die Verlossing Deur Die Bloed van Yeshua?¹

Yeshua is ons Verlossing! יהוה-God is ons Verlosser wat deur Yeshua ons verlossing bewerkstellig het! Die Naam Yeshua bevestig dat Hy die Verlossing is. In Hebreeus word Yeshua se naam geskryf as ישוע, en gespel (regs na links) *yod, shin, vav, ayin* en beteken die Naam “Yah is verlossing”.

Hierdie verlossing was alleenlik moontlik deur die krag van die bloed van Yeshua en is: versoening, reiniging, afgesonderdheid, ewige lewe, oorwinning en oorvloedige lewe. Die verlossing deur die bloed van Yeshua was volledig! Maar die vraag is wat behels al hierdie seënige en hoekom is dit belangrik om dit te verstaan en in vertrouwe toe te pas? Dit is wat in Deel 3 bespreek sal word.

Versoening deur die bloed

Versoening beteken die herstel van die verhouding met יהוה-God deur die toedekking (vergifnis) van sonde en om dus vrygespreek te wees – om onskuldig verklaar te word op grond van loskoping. Yeshua, dié Gesalfde Een, is ons Loskoper, Vryspraak en Toedekking:

- ¹ Kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie moet sondig nie en as iemand sondig, is daar vir ons by die Vader die Loskoper vanuit die vloek, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Onskuldige,
- ² want Hy is die Vryspraak en Toedekking vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. 1Joh. 2:1-2².

Yeshua is ons Verlossing wat versoening met יהוה-God moontlik gemaak het! Versoening met יהוה deur Yeshua is die bewys van God se liefde!

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun, die Vryspraak en Toedekking van ons sondes, gestuur het. 1Joh. 4:10.

Die seën van die verlossing deur die bloed van Yeshua is dus eerstens die vergifnis –die toedekking van sonde – tot versoening met God. Sha'ul som dit soos volg op:

Hy (Yeshua) het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgegee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan. Kol. 2:14.

Maar die seënige van versoening behels ook reiniging deur die bloed, afgesonderd tot diensbaarheid deur die bloed, die ewige lewe deur die bloed, asook oorwinning oor sonde en oorvloedige lewe deur die bloed. Hierdie seënige is verskillend, maar is alles deel van die versoening deur die krag van die bloed van Yeshua, dié Lam van God. Al hierdie seënige

¹ Met die skryf van Deel 3 wil ek veral erkenning gee aan Andrew Murray vir sy boek “The Power of the Blood” wat ek as vertrekpunt en riglyn gebruik het. Hierdie boek is aan te beveel en as oudioboek gratis aflaaibaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=xY1wmfTwtfU>

² Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

van versoening kan ons ontvang deur vertroue in die volmaakte verlossing deur Yeshua en deur gehoorsaamheid aan יהיה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Yeshua is die goeie herder wat Sy lewe afgelê het sodat ons al die seëninge van versoening met God deelagtig kan wees. Daarom het Yeshua gesê:

Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorfloed daar ook al vir hulle is. Joh. 10:10.

Daarom is dit belangrik om nie net tevrede te wees met die vertroue dat ons deur die bloed van Yeshua verlos is nie, maar ons moet die geestelike waarhede van wat hierdie verlossing alles behels ook verstaan en dit deur vertroue in ons daaglikse lewe toepas om oorvloedige lewe te ondervind. Dan kan die dief nie kom om te steel, dood te maak en te vernietig nie!

Oorfloedige lewe is dus die uitvloeisel van verlossing deur die bloed van Yeshua!!

Verlossing en versoening deur die bloed van Yeshua is 'n enkele (gelyktydige) en eenmalige gebeurtenis, maar tog ook opeenvolgend. Die rede is dat sonder verlossing kan daar nie versoening wees nie! Wat is dan die verskil tussen verlossing deur die bloed en versoening deur die bloed?

Eerstens moet verstaan word dat die doel van beide is vergifnis (toedekking) van sonde! Tweedens moet ons verstaan wat sonde is en wat die uitwerking (invloed) van sonde op beide God en die mens is! Ons fokus meesal net op die nadelige uitwerking van sonde op die mens, maar besef nie dat dit ook 'n uitwerking op God het nie!

Wat is sonde? Sonde is die oortreding van Torah (1Joh. 4:3; 1Joh. 5:17). Dit is God se ewige en onveranderlik wet dat die loon (die eindproduk) van die sonde, naamlik die oortreding van Sy Torah, is die dood (Rom. 6:23). Sonde is die verwerping van God se outoriteit en is doelbewuste ongehoorsaamheid aan Sy Torah.

Uitwerking op God: Omdat God regverdig is kan Hy nie anders as om die sonde te straf nie. Al bly Sy liefde vir die mens onveranderlik, vereis Sy Torah dat die mens wat sondig nie in Sy Teenwoordigheid mag kom nie! Sonde noodsaak God om die mens wat skuldig is te straf! Sonde veroorsaak dus dat God se skeppingsdoel met die mens nie volbring kan word nie, want die verhouding is versteur!

Uitwerking op die mens: Deur sonde te doen word die mens deur God se geskrewe wet (Torah) aangekla, skuldig bevind en gevonniss. Die voltrekking van die vonnis geskied egter nie noodwendig onmiddelik nie, maar tog kan dit manifesteer:

- As vloeke of bindinge en wat dan verkeerdlik beskou kan word as bloedlynvloeke³!
- As beproewinge (weerhouding van God se seën) wat verkeerdlik beskou kan word as die wil van God of, en veral, die werke van die teëstander en sy bose magte!

Daarom sal geestelike oorlogvoering, die afsny van bloedlynvloeke, bevrydingsgebede en ander “godsdiensrituele” soos die blaas van die shofar en proklamasie van Skrifgedeeltes nutteloos wees vir elkeen wat in sonde volhard. Die sondaar bly skuldig en God kan Sy eis dat die sonde gestraf moet word nie laat vaar nie!!

³ Bloedlynvloeke sal in Deel 4 bespreek word.

Die uitwerking van sonde op die mens het in die tuin van 'Eden begin. Met die sondeval het die mens God se wet (Torah) oortree en sodoende onder die mag van die sonde gekom. Daarom moet verlossing by die wet van God begin. Slegs wanneer daar aan die vereiste van die wet, naamlik die straf (die dood) van die sondaar (Rom. 6:23), voldoen is, sal die sondaar vrygespreek (kwytsgeskel) word (vergifnis ontvang) en alleenlik dan kan versoening met God plaasvind. Eers verlossing dan versoening!

Onder die ou verbond het die bloed van 'n offerdier kwytskelding van sondeskuld bewerkstellig. Die offerhande was 'n aksie wat die mens in die Teenwoordigheid van God moes doen. Dit sou die mens niks gebaat het indien hy nie self daarby betrokke was nie, of nie deur die hoofpriester verteenwoordig was nie! Op grond van hierdie handeling kon God die sondaar vergewe, want die onskuldige offerdier het in die plek van die skuldige gesterf. Nou kon versoening bewerkstellig word, naamlik die herstel van die verhouding met God, want die sonde was toegedek deur die bloed van die onskuldige. Elke offerdier was dus die sinnebeeld van verlossing en versoening!

Maar daar was 'n probleem in dié dat die bloed van die onskuldige dier net tydelike kwytskelding van sonde en slegs tydelike versoening kon bewerkstellig. Die mag (die houvas) van die sonde oor die mens was nie verbreek nie! In Heb. 10:1-4 word dit soos volg verduidelik:

- ¹want die geskrewe wet was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie,
- ² want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie,
- ³maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes,
- ⁴ want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie.

Maar die bloed van Yeshua het dit wat tydelik was, en waarvan die ou verbond slegs 'n skaduwee was, vervolmaak. Yeshua was die eenmalige offer, want Sy bloed was afkomstig van die oorspronklike "Adamsaad" wat die יהוה-God-tipe lewe bevat het. Dit kan derhalwe beskou word asof dit יהוה-God se "eie bloed" was wat die ewige verlossing en versoening bewerkstellig het. (Verwys Deel 2: Die Verlossing deur die Bloed van Yeshua, wat afgelaai kan word by: [Deel 2.VerlossingBloed](#)).

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verduidelik dit soos volg:

- ¹² Hy (Yeshua) het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,
- ¹³ want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,
- ¹⁴ hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. Heb. 9:12-14.

Sha'ul som dit ook vir ons soos volg op in 2Kor. 5:17-21:

- ¹⁷ Alles wat daarom in eenheid met dié Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan

18 en alles het nuut geword vanaf God; Hy wat ons verhouding met Homself herstel het deur Yeshua, dié Gesalfde Een en vir ons die bediening gegee het om dié verhouding te herstel,

19 want God, in eenheid met dié Gesalfde Een, het die verhouding van die wêreld met Sy majesteit herstel en nie hulle sondes vir hulle bereken nie en ons eie boodskap van die herstel van die verhouding in ons gesit;

20 daarom is ons ambassadeurs namens dié Gesalfde Een, asof God julle uitnooi deur ons; daarom vra ons julle, namens dié Gesalfde Een: laat julle verhouding met God herstel,

21 want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word.

Vergifnis (toedekking) van sonde is verlossing en versoening deur die bloed van Yeshua. Die volkomeheid van hierdie verlossing en versoening word deur verskeie teksverse uitgelig, soos byvoorbeeld: Jes. 38:17; Jes. 44:22 en Miga 7:19.

Yeshua stel Homself tussen God en die sonde en daarom sien יהוה nie meer die sonde nie. En wanneer ons deur vertrou Yeshua tussen ons en die sonde plaas, dan sal ons vind hoe volkome die verlossing is en hoe kragtig die toedekking is. Dan sal ons verstaan wat dit is om deur versoening met God vir die sonde dood te wees. Sha'ul bevestig dit soos volg in Rom. 6:10-14:

10 Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.

11 Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.

12 Die sonde sal daarom nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie.

13 Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God.

14 Sonde het nie outoriteit oor julle nie, want julle is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns.

Yeshua as die geslagde Lam van God het namens ons aan die eis van die geskrewe wet voldoen, naamlik die sondeskuld is betaal! Daarom is ons nie onder die geskrewe wet nie, want dit kan ons nie meer aankla nie! Ons is losgekoop en vrygespreek (verlos) en met Vader-God versoen om Hom met 'n rein gewete in Gees en waarheid te dien (Joh. 4:23-24) volgens Sy Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is! Slegs vertrou en gehoorsaamheid is nou nodig om die volle seën van die verlossing en versoening deur die bloed van Yeshua deelagtig te wees. Ons moet vertrou dat die krag van die bloed van Yeshua 'n ewige verlossing en versoening bewerkstellig het en dat daar geen rede is waarom Vader-God nie Sy volle liefde en seën van versoening deur die bloed van Yeshua oor ons sal uitstort nie!

Elkeen wat met sy mond Yeshua as Meester verklaar (bely) en met sy verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood opgewek het, word wedergebore en ontvang verlossing en versoening (Rom. 10:9-10; Titus 3:5). Dit is egter net die begin van die seëninge wat volg op versoening en wat ook deur vertrou en gehoorsaamheid ontvang kan word!

It was not said, "When I see you happy in your houses, or with gratitude in your hearts, I will pass over you;" but, "When I see the blood". – Stevenson Blackwood.

Reiniging deur die Bloed

Na verlossing en versoening deur die bloed van Yeshua volg die belofte van die reiniging (*cleansing*) deur die bloed. Reiniging geskied ook deur die krag van die bloed. Ons lees in 1Joh. 1:7 die volgende:

maar as ons in die lig loop soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en die bloed van Yeshua, Sy Seun, reinig ons van al ons sondes.

In die KJV lees dit: “and the blood of Jesus Christ his Son cleanses us from all sin.”

Reiniging van sonde beteken bevryding van die smet (*stain*) van sonde en nie van die skuld van sonde nie! Skuld is dit wat ons gedoen het en waarvoor ons verantwoording voor God moes doen, terwyl die smet van sonde is die onreinheid wat sonde in ons gees, siel en liggaam veroorsaak het en dit is waarmee reiniging te doen het! Dit vind plaas deur wassing in die Woord (Torah)(Ef. 5:26), naamlik om die Woord te hoor en dit te doen

Opsommend: Verlossing en versoening is wat vir ons (namens ons) by God deur Yeshua gedoen was en reiniging is wat God aan ons doen na ons vergifnis tot versoening ontvang het.

Om reiniging te verstaan moet ons egter na die reinigingswette van die ou verbond kyk waar, volgens die Torah van Mosheh, daar twee handeling (seremonies) was wat die mens moes ondergaan om in God se Teenwoordigheid toegelaat te word. Dit was die offerandes en die reiniging. Albei het die mens voortdurend aan sy sondeskuld herinner wat hom nie toegelaat het om na willekeur tot God te nader nie! Hierdie reiniging was slegs ‘n skaduwee van dit wat die bloed van Yeshua sou bewerkstellig.

Die reiniging van die melaatse word in Levitikus 14 beskryf en die instruksies in Numerie 19 beskryf die reinigingswater waarmee diegene wat aan ‘n dooie geraak het, mee besprinkel moes word. Melaatsheid is ‘n sinnebeeld van die gevolge van sonde, terwyl die dood ‘n sinnebeeld is van die loon van die sonde (Rom. 6:23). Beide die melaatse en die wat aan ‘n dooie geraak het, was dus onrein en moes reiniging ondergaan alvorens hulle weer in God se Teenwoordigheid toegelaat is.

Net so het die gevolge van sonde ons onrein gemaak en het ons ook met die (geestelike) dood in aanraking gekom wat ons ook onrein gemaak het. Daarom moet ons ook deur die bloed van Yeshua gereinig word nadat ons vergifnis van sonde ontvang het en met God versoen is. Ons moet van die gevolge (die smet) van ons eie sonde, asook van ons voorouers se sonde, wat ons onrein gemaak het, gereinig word.

Die offerande het te doen gehad met ‘n bepaalde sonde waarvoor vergifnis (verlossing en versoening) ontvang moes word. Terwyl die reiniging te doen gehad het met die toestand wat nie opsigself sonde is nie, maar wat die gevolg van sonde was. Weereens: By die offerande was daar niks aan die persoon self gedoen nie – hy moes net vertrou dat die offerdier in sy plek op die altaar gesterf het en vergifnis bewerkstellig het. Maar by die reiniging is daar wel iets aan die persoon gedoen! Dit was iets wat hy gevoel en ondervind het. Dit was ‘n uitwendige besprinkeling en wassing wat deur vertrou ‘n inwendige verandering bewerkstellig het. Weereens was dit alleenlik deur vertrou wat die reiniging effek gehad het.

Die reinigingseremonie was deur die priester behartig wat opgetree het as middelaar tussen God en die mens. Yeshua is ons Middelaar tydens ons reiniging. Dit is deur vertrou wat ons deur Sy bloed gereinig word van die gevolge van ons eie sonde, asook van dié van ons

voorouers se sonde, wat ons gees, siel en liggaam verontreinig het!

Let op die volgende teksverse wat betrekking het op reiniging: Ps. 51:9; Eseg. 24:11 en 13, maar veral Eseg. 36:25-27.

25 dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.

26 Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee.

27 Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom.

Die reiniging met bloed, water en vuur in die Tanakh is die sinnebeeld (heenwysing) van die reiniging wat onder die nuwe verbond deur die bloed van Yeshua sou plaasvind – 'n inwendige loutering en bevryding van die smet (onreinheid) van sonde. Dit word ondermeer bevestig in Titus 2:14, met verwysing na Yeshua:

wat Homself in ons plek gegee het om ons los te koop uit alle oortredings van die wet en vir Homself 'n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade. Titus 2:14.

Hierdie waarheid vind ons ook in die volgende teksverse:

Julle vir wie ons lief is omdat daar vir ons hierdie beloftes is, laat ons onself daarom reinig van alle vuilheid van die vlees en die gees en laat ons groei in afgesonderdheid uit respekvolle vrees vir God. 2Kor. 7:1.

hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. Heb. 9:14.

7 maar as ons in die lig loop soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en die bloed van Yeshua, Sy Seun, reinig ons van al ons sondes.

9 As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1Joh. 1:7 en 9.

Al hierdie teksverse, en spesifiek 1Joh. 1:7, dui nie op die onverdiende guns van vergifnis wat by wedergeboorte ontvang word nie, maar op die inwendige reiniging van diegene wat in God se lig wandel, naamlik Torahgehoorsaam lewe – as ons in die lig loop soos Hy in die lig is, dan sal die bloed van Yeshua ons reinig van al ons sondes. Dit is die inwendige werking van die Afgesonderde Gees wat reiniging van ons verstand, wil en emosie bewerkstellig!

Ons ontvang deur die Gees wat Afgesonderd is die innerlike ervaring dat die bloed ons so volkome van die mag van sonde bevry het, dat ons heeltemal onder sy heerskappy uitgeneem is. Die sonde woon nog in ons vlees met sy versoeking, maar het geen mag om te heers nie! Hierdie bevryding is so kragtig dat selfs ons gewete gereinig is (Heb. 9:14). Die versoening en die reiging gaan altyd saam, en hierdie werking van die bloed is onophoudelik!

Indien die bloed van Yeshua ons reinig van die gevolge van alle sonde, hoe kan ons dan nog steeds sê dat bloedlynvloeke 'n houvas op ons kan hê?

Afgesonderd tot diensbaarheid deur die bloed

Waar reiniging te doen het met die ou lewe en die verwydering van die gevolge van sonde, het afgesonderdheid (heiligmaking, *sanctification*) te doen met die nuwe lewe van die nuwe mens in Yeshua. Dit is die proses om gelykvormig te word aan die beeld van Yeshua (Rom. 8:29), en om dus afgesonderd te wees soos wat יהיה Afgesonderd is (Lev. 11:44 en 1Pet. 1:16).

Afgesonderdheid is die resultaat en doelwit van reiniging en is ook deur vertrouwe in die krag van die bloed van Yeshua. Eers reiniging en dan afgesonderdheid – alles die werking van die bloed. So lees ons in Heb. 13:11-12 die volgende:

- 11 Die diere, waarvan die bloed ter wille van die sonde, deur die hoofpriester in die afgesonderde plek ingedra word, se liggame word buitekant die kamp verbrand;
- 12 daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;

Soos reeds genoem bevestig Sha'ul dit ook in Efes. 5:26 waar hy verwys na die liefde van Yeshua vir die gemeente om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water en in die Woord.

'n Sinnebeeld dat afgesonderdheid 'n vereiste vir dienswerk is, sien ons in die toewyding van Aharon en die priesters waar hulle deur die bloed afgesonderd is vir dienswerk in die tabernakel (Lev. 8:22-24 en 30). Sha'ul bevestig in 2Tim. 2:20-21 dat afgesonderdheid ook noodsaaklik is vir dienswerk in God se Koninkryk:

- 20 In 'n groot huis is daar nie slegs artikels van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei; sommige tot eer, maar ander tot oneer;
- 21 daarom, as iemand hom daarvan sal reinig, sal hy 'n artikel tot eer wees, geskik vir gebruik deur sy Meester en gereed vir elke goeie daad.

Die ewige lewe deur die bloed

Soos water 'n tweevoudige doel vir die mens het, so het die bloed van Yeshua ook 'n tweevoudige doel. Ons was in water om skoon te kom en ons drink water om ons dors te les. Sonder die was met water kan ons nie lewe soos ons behoort te lewe nie, maar sonder die drink van water kan ons glad nie lewe nie! Dieselfde beginsel geld ten opsigte van die bloed van Yeshua.

Ons lees in Joh. 6:53-56 die volgende:

- 53 Yeshua sê vir hulle: “Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.
- 54 Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag,
- 55 want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank.
- 56 Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.

Slegs deur die drink van water kan ons die volle seën van water se krag om lewe te onderhou, deelagtig wees. Dieselfde beginsel is van toepassing op die drink van die bloed van Yeshua!

Slegs deur deelname aan die bloed van Yeshua sal ons die volle seën van die krag om die ewige lewe te onderhou, deelagtig wees.

Toe Yeshua verwys het na “My bloed drink” het baie aanstoot geneem, want Torah verbied die drink van bloed (ondermeer Lev. 3:17, Lev. 7:26; Lev. 17:10-14). Maar ten spyte hiervan het Yeshua gesê: “Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe”. Hy wou ‘n heilswaarheid op hierdie wyse by die mense tuisbring!

Daar is seëninge verbonde met die gemeenskap (deelname) aan die bloed van Yeshua wat nog meer ingrypend is as vergifnis (toedekking), versoening, reiniging en afgesonderdheid! Nie alleen moet die bloed iets AAN ons doen om ons in die regte verhouding met God te plaas nie, maar die bloed moet ook iets IN ons doen om ons innerlik geheel en al te vernuwe om in Yeshua die beeld van God te wees. Daarom het Yeshua gesê: “as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie”.

Met hierdie woorde het Yeshua onderskeid gemaak tussen twee tipes lewe, naamlik die natuurlike lewe wat elke mens deelagtig is en die ewige lewe wat slegs sommige deel aan het. Daarom het Yeshua gesê: “Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe” (vers 54). Ons kan slegs deel hê aan die ewige lewe deur te eet van die liggaam van Yeshua en Sy bloed te drink. Die natuurlike lewe word uit die natuur gevoed met brood (voedsel) en water. Maar die voedsel van die ewige lewe word met hemelse spys en drank gevoed, naamlik met Yeshua self wat die lewe van יהוה-God is. Dit is die lewe wat Adam en Havah deelagtig was voor die sondeval.

Die ewige lewe is die lewe van ons Skepper-God! En daarom hierdie belofte in vers 54, dat as ons deelname het aan die vlees en bloed van Yeshua sal Hy elkeen laat opstaan in die laaste dag. Met die opstanding uit die dood sal ons met ‘n verheerlikte liggaam vir ewig lewe soos wat God dit aan die begin vir die mens bepaal het. Daarom bevestig Yeshua in vers 55 dat Sy liggaam is ware kos en Sy bloed is ware drank.

Die woord “ware” wys, soos Yeshua se woorde: “Ek is die ware Wingerdstok” (Joh. 15:1), vir ons die verskil tussen wat slegs ‘n simbool is en dit wat ‘n wesenlike waarheid is! Aardse spys en drank is geen ware voedsel nie, want dit gee nie waarlike lewe – die ewige lewe nie! Die enigste ware spys en drank is die liggaam en bloed van Yeshua, dié Gesalfde Een, want dit gee die ewige lewe! Daarom die belofte: “Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom”. Deelname aan die liggaam van Yeshua en Sy bloed is die wyse wat die ewige lewe in ons gevoed en onderhou word, asook die wyse hoe ‘n volledige eenwording met יהוה, ons God en Vader, deur Yeshua bewerkstellig word!

Deur die bloed van Yeshua te drink, naamlik deelname daaraan te hê deur die liefdesmaal (verbondsmaaltyd), is om alles aangaande die krag van die bloed deur vertrouwe vir jouself toe te eien! Ons praat van iemand se woorde “indrink” wanneer ons met volle oorgawe luister wat gesê word, en met die doel om dit in ons lewe toe te pas. Wanneer ons hart gevul is met begrip van die krag van die bloed van Yeshua en ons harte oorloop van dankbaarheid van wat die verlossing deur Sy bloed bewerkstellig het, dan drink ons die bloed van Yeshua! Op die wyse het ons deel aan die liggaam van Yeshua en kan elkeen van ons volkome mens wees soos wat God dit aan die begin beplan het – onbeskadig en onbevlek; gees, siel en liggaam genees en herstel! Ons het niks anders nodig nie!!

Telkens wanneer ons deel het aan die liefdesmaal (verbondsmaal) gedenk ons die krag van die bloed van Yeshua. Dit herinner ons dat deur die krag van die kosbare bloed van Yeshua is daar:

- Verlossing deur die bloed,
- Versoening deur die bloed,
- Reiniging deur die bloed,
- Afgesonderd tot diensbaarheid deur die bloed,
- Die ewige lewe deur die bloed en
- Oorwinning deur die bloed
- Oorvloedige lewe deur die bloed.

Nou dat ons beter begrip het van die geheimenis aangaande die krag van die bloed, moet ons daarna verlang dat God deur Sy Gees die volle openbaring aan ons elkeen sal gee! Ons moet met dankbaarheid deur vertrou en gehoorsaamheid hierdie beloftes in besit neem om in oorwinning te leef en ‘n lewe in oorvloed deelagtig te wees!

Oorwinning deur die bloed

Al wat vir ons nou oorbly is om in oorwinning te leef! Hierdie oorwinning is eenmalig deur die bloed van Yeshua behaal, dit duur vir ewig voort en elke kind van God kan deel hê aan hierdie oorwinning! Ons lees in Open. 12:10-11 die volgende:

10 Ek het ‘n harde stem vanuit die hemel hoor sê: “Nou is die bevryding, die krag en die koningskap vanaf ons God, want die aanklaer van ons broers is neergegooi, hy wat hulle dag en nag beskuldig het voor ons God

11 en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie.

En om in oorwinning te leef is om waarlik vry te wees!! Dit is die waarheid wat ons vrymaak! En om die waarheid oor die krag van die bloed van Yeshua te verstaan en deur vertrou toe te pas is om die vryheid van ‘n lewe in oorwinning te leef!

31 Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My

32 en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.”

Sedert Gen. 3:15 was daar vir sowat vier duisend jaar ‘n geweldige stryd tussen die teëstander en die mens wat in vertrou en in gehoorsaamheid aan Sy Skepper-God gelewe het. Soos voorheen bespreek was, wou Satan die saad van die vrou sodanig besoedel dat die mens nie meer geskik sou wees vir die uitvoering van God se Raadsplan van herstel nie. Hierdie stryd het by die mens ‘n verlange geskep na die beloofde verlossing deur dié Gesalfde Een soos wat in die Skrifte van die ou verbond geprofeteer was.

Yeshua as die tweede Adam het na die wêreld gekom om hierdie stryd in ‘n oorwinning te verander. Die teëstander se planne is verydel toe יהוה ‘n bevrugte eiersel bevattende die Adamsaad in Maria ingeplant het en op dié wyse die belofte van die verlossing vervul het. Met die folterdood en opstanding van Yeshua as die Verlossing en versoening met יהוה-God het elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een, en wat Vader se Torah gehoorsaam soos dit in Yeshua vervolmaak is, se stryd ‘n oorwinning geword.

In daardie oomblik toe Yeshua Sy bloed op die hemelse verbondsark gesprinkel het, was die teëstander, die Satan, uit die hemel gewerp. Daarom lees ons in Open. 12:10, “want die aanklaer van ons broers is neergegooi, hy wat hulle dag en nag beskuldig het voor ons God”. Die gelowige in Yeshua was nou vry van die teëstander se heerskappy wat hy tot op daardie stadium op aarde gehad het.

Daarom lees ons in Open. 12:5 van die vrou⁴ wat geboorte gegee het aan die Seun wat as Herder al die nasies met ’n ystersepter sou regeer en dat Hy weggeruk was na God en Sy troon. En dan lees ons in Open. 12:7-9 die volgende:

⁷ Daar was oorlog in die hemel: Mikha’el en sy engele het oorlog gevoer teen die draak en die draak en sy engele het baklei

⁸ en hulle kon nie uithou nie en daar kon ook nie ’n plek vir hulle in die hemel gevind word nie.

⁹ Die groot draak is neergegooi, die hoof slang wat die valse aanklaer en die teëstander genoem word, wat die hele wêreld verlei, is neergegooi op die aarde en sy engele saam met hom.

Dan volg die oorwinningsverklaring (vers 10): “Nou is die bevryding, die krag en die koningskap vanaf ons God, want die aanklaer van ons broers is neergegooi, hy wat hulle dag en nag beskuldig het voor ons God.

Onder die ou verbond het Satan wettige toegang tot die hemel gehad en was hy daar as die aanklaer van die gemeente soos ondermeer bevestig word deur die volgende:

Daar was weer ’n dag waarop die seuns van God hulleself voor יהוה kom aanbied het en die teëstander het ook saam met hulle gekom om homself voor יהוה aan te bied. Job 2:1.

¹ Toe het Hy Y’hoshua, die hoofpriester, vir my gewys waar hy voor die boodskapper van יהוה staan en die teëstander wat aan sy regterhand staan om hom te beskuldig.

² יהוה sê vir die teëstander: “יהוה bestraf jou, teëstander! Inderdaad, יהוה wat Yerushalayim gekies het, bestraf jou!” ^{Y’hu 1:9} Is hierdie nie ’n vuuryster wat uit die vuur geruk is nie?” Sag. 3:1-2.

Ons weet ook dat na die sondeval het Satan die heerser van hierdie wêreld geword. Daarom kon hy Yeshua versoek deur al die koninkryke van die wêreld vir Hom aan te bied indien Yeshua hom sou aanbid (Matt. 4:8-9).

Maar na die oorwinning deur die bloed van Yeshua na Sy folterdood en opstanding, is Satan van sy reg tot toegang in die hemel gestroop! Daarom het Yeshua gesê: "Ek het die teëstander soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val" (Luk. 10:18), en “Nou is dit die oordeel oor hierdie wêreld, nou sal die heerser van hierdie wêreld uitgegooi word” (Joh. 12:31).

Die oorwinning oor die teëstander en al sy magte is deur die bloed van die Lam, Yeshua ons Meester! Daarom lees ons in Open. 12:10-12 van die aankondiging van hierdie oorwinning:

¹⁰ Ek het ’n harde stem vanuit die hemel hoor sê: “Nou is die bevryding, die krag en die koningskap vanaf ons God, want die aanklaer van ons broers is neergegooi, hy wat

⁴ Die vrou verteenwoordig die gemeente (Yisra’el; die uitgeroepenes) van יהוה, naamlik elkeen wat deur die eeue in vertroue en gehoorsaamheid aan God gelewe het, en met die versekerde verwagting van die verlossing wat deur die saad van die vrou sou kom en gekom het.

hulle dag en nag beskuldig het voor ons God

11 en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie.

12 Wees daarom verheug, hemel en die wat daarin bly. Wee die aarde en die see, want die teëstander het na julle toe afgekom met groot woede omdat hy weet dat hy min tyd het.”

Satan is nog die god van hierdie wêreld (2Kor. 4:4) en hy heers met groot woede omdat hy weet dat hy min tyd het. Maar sy heerskappy oor יהוה-God se kinders is verbreek! Die oorwinning is deur die kosbare bloed van die Lam behaal, en deur vertrou en die boodskap van ons getuienis van gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, kan ons ook lewe in oorvloed deelagtig wees!!

maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Kor. 15:57.

4 want elkeen wat uit God gebore is, oorwin vir homself die wêreld en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons vertrou.

5 Wie anders is dit wat oorwinning oor die wêreld het, as dit nie hy is wat vertrou dat Yeshua die Seun van God is nie? 1Joh. 5:4-5.

Slotsom

Ons gee te veel aandag en spandeer te veel tyd en energie aan die hakskeenbyter en te min aandag aan die betekenis en die uitleef van die verlossing deur die Een wat die hakskeenbyter se kop vermorsel het (Gen. 3:15)!

Ons moet in vertrou en gehoorsaamheid leef in die oorwinning en oorvloedige lewe wat deur die krag van die bloed van Yeshua vir ons bewerkstellig is! As God vir ons is, wie kan teen ons wees (Rom. 8:31), en onthou die woorde van die profeet Z'kharyah: “Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees, sê יהוה-Tzva'ot” (Sag. 4:6).

Ons verlede het geen houvas op ons nie! Maar ons toekoms hou die belofte in van genesing en herstel van gees, siel en liggaam! 'n Algehele vryheid van enige bindinge, vloeke en emosionele wonde! Ons het niks meer nodig nie as om met dankbaarheid te aanvaar en in vertrou te doen wat יהוה deur Sy onverdiende guns in Yeshua vir ons reeds gedoen het!

Yeshua, dié Gesalfde Een en ons Meester, se liggaam is vir ons gebreek en Sy bloed is vir ons gestort sodat ons in oorwinning 'n oorvloedige lewe deelagtig kan wees!!

31 Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie is teen ons?

32 As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal, oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie?

33 Wie sal beskuldigings inbring teen dié wat God gekies het? God verklaar onskuldig.

34 Wie is dit wat veroordeel? dié Gesalfde Een is Hy wat gesterf het, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterkant van God is, wat ook vir ons onthalwe intree.

35 Wat sal my skei van die liefde van dié Gesalfde Een: lyding, gevangenskap, vervolging, hongersnood, naaktheid, gevaar of die swaard?

36 Soos geskrywe is: “Om U ontwil word ons die hele dag lank doodgemaak, ons is gereken as skape vir die slagting.”

37 In al hierdie dinge oorwin ons egter, deur Hom wat ons lief het,

38 want ek is oortuig daarvan dat geen dood of lewe of engel of outoriteit of leërmag of dinge wat nou bestaan of dinge wat sal kom

39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel in staat is om my af te sny van die liefde van God, wat daar in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is nie. Rom. 8:31-39.

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.